8- 2007 - 16: 1

Reaksie op DVD: 02

Dirk Human

Hierdie DVD is ’n gruwelike skending van hoe mense met mekaar en met tekste in die Christelike Kerk omgaan. Met vernuftige en sensasionele aanwending van die visuele medium word illusies geskep, verbande getrek en wanvoorstellings aangebied om veral teoloë aan die Fakulteit Teologie by UP as dwaalleraars in skaapsklere voor te stel. Voordat ek hierdie stelling aan die hand van die opsteller(s) se weergawe van my en my standpunte illustreer, is dit nodig om enkele twyfelagtige bedoelings van die verspreider(s) hiervan te ontbloot:

- Waarom versprei iemand (mnr Sarel van der Merwe en ondersteuners ?) hierdie DVD anoniem aan volk en vaderland as hulle nie hul boodskap oortuigend in eie naam kan aanbied nie. Wat wil hulle wegsteek?;
- Waarom het die opsteller(s) berekend visuele opnames van teologiese gesprekke / byeenkomste oor *’n lang tyd* in die openbaar versamel sonder om met die UP teoloë self in gesprek te tree? Hulle wil dan teologiese gesprek bevorder volgens die DVD se inleiding;

- Watter predikante en/of teoloë het die samesteller(s)/verspreider, mnr Sarel van der Merwe, aktief gehelp, aangesien die teks, inhoud en samestelling van die DVD *gespesialiseerde teologiese kennis* veronderstel. Die DVD kan nie ’n gewone lidmaat se werk alleen wees nie. Is Van der Merwe soos mnr Ferdie Mulder ’n pion van ’n groep teoloë en predikante, wat gefrustreerd en/of met bedekte persoonlike agendas die fakulteit by UP wil bykom deur openbare emosionele onrus met die DVD aan te stook?;

- Waarom trek die DVD se samesteller(s) gespesialiseerde akademiese teologie-gesprekke en artikels in binne die *‘onveilige’ openbare gespreksruimte* van die kerkvolk? Dit het konsekwensies. As dit gebeur, beteken dit dat almal dieselfde kennisvlakke moet hê, almal dieselfde spel moet speel en niemand dan mag sê: ek is net ‘n ‘gewone’ lidmaat of dominee wat die Here liefhet, daarom weet ek nie nou verder in die gesprek nie. Dan moet almal op dieselfde vlak kan argumenteer. Ek het ook die Here baie lief, daarom het ek my lewe gegee om aan die Kerk en die teologie te wy. Teologiese gesprekke het egter verskillende vlakke. Alle gesprekke is belangrik, maar elke soort gesprek is anders en stel ander vereistes.

Hoe die samesteller(s) van die DVD met tekste en mense omgaan, bevestig hoe hulle met die Bybel en ander mense se standpunte omgaan: onbillik, selektief, eensydig en met ’n gebrek aan insig in hulle eie voorveronderstellings. Hieroor moet die NG Kerk baie bekommerd raak. Hoe hanteer sy lidmate mekaar in die openbaar? Ek illustreer my stelling aan die hand daarvan hoe die DVD my en my Jona artikel aanbied en interpreteer. My artikel is geskryf, gepubliseer en bedoel vir ’n akademiese gehoor in ’n wetenskaplik teologiese tydskrif met Hebreeuse ontleding en 75 hoogs akademiese en ander bronne.

- Die samesteller(s) laat my nie self praat nie. ’n Stem praat namens my. Hy interpreteer, maak my verdag, verbind my aan gedemoniseerde figure en teologiese bewegings, sonder om myself ’n kans op verweer te gee. Ek het tog niks om weg te steek nie. Tog is ek weerloos vasgevang in hierdie stem se selektiewe oordeel en beperkte kennis.

- Die samesteller(s) gebruik uiters *selektiewe aanhalings,* uitsluitlik uit my slotparagraaf, die Sintese (4) van my artikel, om by die DVD-samestellers se meesternarratief van verdagmaking in te pas. Die gang van my argumentasie in die artikel, die belang en definisie van “opstandingsgeloof” (voetnote 1 en 12; inleiding by Sintese) asook my verduidelikende verklarings hieroor word vir die hoorder en kyker verswyg. Waarom?

- Deur ’n *begripsverwarring* en hul eie geïmpliseerde definisies van mite en fiktiewe karakter (asof ek ‘feëverhaal’ en ‘onwaarheid’ daarmee sou bedoel, wat nie waar is nie) maak die samesteller(s) my verdag oor die opstanding van Jesus, so asof ek dit as ‘onwaar’ en ‘onwerklik’ sou suggureer. Hierdie verdagmakery om my te plaas tussen “skokkende uitsprake” wat “ouerbegeleiding” nodig het, is oneerlik. Die verbintenis tussen Jesus en Jona is verder nie my ontdekking nie, maar kom, soos ek duidelik in die artikel aandui, in Matt 12, Luk 11 en die vroeë kerkgeskiedenis van die Christene voor.

- Volgens die DVD stem se oordeel is dit nie altyd duidelik wat ek bedoel met die verband tussen die fiktiewe karakter Jona en Jesus asook met die “opstandingsgeloof” nie. Hierdie bewering uit die DVD *skep ’n valse, pretensieuse onsekerheid en persepsie.* Ek het die “opstandingsgeloof” duidelik in die eerste paragraaf van my sintese verduidelik (lees par 4:1). Verder verduidelik ek die verband tussen die Jesus en Jona verhale in paragraaf 6 (Sintese): dit “wil tot woorde bring dat God die onmoontlike

moontlik kan maak; dat hy lewe uit dood voortbring en dat Hy reddend in sy skepsele se lewe ingryp". Waarom wil die stem die klem so graag op die predikaat 'fiktiewe' lê. Is dit om te insinueer dat ek die opstanding as 'n "fairy tale" beskou? Hierdie bewerings kom neer op 'n swak en oppervlakkige lees van my teks as geheel.

- Dat ek met my sogenaamde onduidelikheid, volgens die DVD "die weg wil baan vir die akkommodering van teenstrydige standpunte oor die opstanding van Jesus" is onsinnig. Die samestellers *lê dit in my mond* en gee hulle eie interpretasie as hulle stellig beweer dat ek die weg wil baan vir die akkommodering van teenstrydige standpunte oor die opstanding van Jesus. Ons noem hierdie styl van interpretasie in die Bybelwetenskappe 'inlegkunde.'

- Dit is duidelik dat die samestellers nie weet dat dit 'n belangrike verstaansleutel van die Bybel is dat *Bybelse Teologie* (in die teks) *nie dieselfde* is as die *Godsdiensgeskiedenis van Israel en Jesus* (die historiografie agter die teks) nie. Bybelse Teologie beskryf teologiese waarhede al werk dit met historiese teenstrydighede agter die teks. Vat maar die 3 dae en 3 nagte as voorbeeld. Was Jesus 3 dae en 3 nagte binne-in die aarde soos Matteus 12:40 sê?

- Wanneer 'n akademikus 'n wetenskaplike artikel skryf, moet enige navorser iemand primêr aanhaal indien hy/sy oor of met daardie persoon en sy standpunte praat of daarby aansluit. Jy kan nie sê persoon X het iets oor persoon Y gesê en dan dink dat jy Y ongeïnterpreteerd weergee nie. As jy dit doen, beskryf jy iemand of sy standpunte sekondêr deur die bril van 'n ander interpreteerder. Dit is onwetenskaplik en onaanvaarbaar. Na die laaste aanhaling van die DVD ("Hierdie voorstelling...tot uitdrukking bring". p 235) verduidelik die stem dat ek na Spangenberg en sy uitlatings rondom sy dwaalleraar verhoor verwys, asof ek daarby sou aansluit. Op hierdie punt borduur die DVD voort op Spangenberg se vreemde sienings. Daarmee wil die DVD my verbind aan Spangenberg of die Nuwe Hervorming en uiteindelik aan Bultmann. Die werklikheid is dat ek nie na Spangenberg nie maar na twee artikels van Neels Jackson en een van Annamarie Miscke verwys wat beide oor Spangenberg en die kerkdebatte berig lewer. My bronneverwysings was om die relevansie van die debat aan my finale gevolgtrekking te verbind. Al drie bronne was koerantartikels. Geen wetenskaplike wat sy sout werd is, sal koerantberigte as primêre bron van argumentasie aanwend en dit dan nie verder argumenteer en beredeneer nie. Hierdie voorbeeld beklemtoon die *subtiele poging van die DVD samesteller(s) om my aan vreemde strominge in die teologie te verbind.* Hierdie tendens is deel van die hele struktuursamestelling van die DVD.

Die manier waarop hierdie DVD my standpunte aanbied en interpreteer is skrikwekkend. Dit toon geen respek vir mense nie; dit stimuleer geen teologiese debat nie; en vertoon 'n onverantwoordelike ideologiese omgang met tekste. Daar word op 'n onbillike manier valse persepsies oor my geskep. Mense wat hierdie DVD versprei, doen dit kwaadwillig en tree onevangelies op. Indien die samestellers van die DVD die Bybel op hierdie manier interpreteer en weergee, is hulle besig met 'n struikrower teologie wat nie reg laat geskied aan die Bybel se geloofsinhoude nie.

- Ekself bely die opstanding van Christus en ander geloofsartikels soos dit in die NG Kerk se belydenisskrifte en in die Bybel formuleer word. Ek het akademies **nêrens** direk of indirek **die opstanding** van Christus ontken, verloën of bevraagteken nie, behalwe om die wesenlike belang van die opstandingsgeloof en daarmee die belydenis van die opstanding vir die Christelike geloof aan te dui (vgl my Jona artikel).

- By verskeie geleenthede het ek **my geloofsbelydenis** van die opstanding van Christus **bevestig** (legitimasie eed; bevestiging as dosent; elke Sondag as prediker met gemeente; Ringsondersoek; dosenteverklaring; ens).

http://www.teo.co.za (2007-08-20)

****